Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette Extraordinary
# Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 400) Price 10c Prys Overseas 15c Oorsee POST FREE — POSVRY (REGULASIEKOERANT No. 400)

VOL. XIV.] PRETORIA, 9 OCTOBER 9 OKTOBER 1964. [No. 918.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 1550.] [9 October 1964.

CUSTOMS ACT, 1955.—AMENDMENT OF THE FIRST SCHEDULE (No. 1/223).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Acting Minister of Finance, acting under the powers vested in me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby amend the First Schedule to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Acting Minister of Finance.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 1550.] [9 Oktober 1964.

DOEANEWET, 1955.—WYSIGING VAN DIE EERSTE BYLAE (No. 1/223).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Waarnemende Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, wysig hierby die Eerste Bylae van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Waarnemende Minister van Finansies.

SCHEDULE.

| Tariff Item. | Article. | | Minimum Duty. | Intermediate Duty. | Maximum Duty. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Cents | Cents | Cents |
| 76 | By the substitution for paragraph (4) of the following paragraph: | | | | |
| | "(4) Sewing, embroidery, darning and crochet yarn, threads and twists, containing 50 per cent or more by weight of cotton: | | | | |
| | (*a*) Prepared sewing yarn, in units of more than 300 yards..... | | — | 20% | — |
| | (*b*) Units Other..... | | — | 5% | 10% " |

NOTE.—The effect of this notice is to increase the duty on certain prepared cotton sewing yarn.

BYLAE.

| Tarief-item. | Artikel. | | Minimum reg. | Intermediêre reg. | Maksimum reg. |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Sent | Sent | Sent |
| 76 | Deur paragraaf (4) deur die volgende paragraaf te vervang: | | | | |
| | „(4) Garedraad, garing en getwynde gare wat, volgens gewig, 50 persent of meer katoen bevat, vir naai-, borduur-, stop- en hekelwerk: | | | | |
| | (*a*) Bereide naaigaring, in eenhede van meer as 300 jaarts | | — | 20% | — |
| | (*b*) Ander..... | | — | 5% | 10% " |

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat die reg op sekere bereide naaigaring uit katoen verhoog word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## BUREAU OF STATISTICS.

No. R. 1554.] [9 October 1964.

REGULATIONS.

COLLECTION OF STATISTICS RELATING TO THE MOTOR TRADE.

The State President has, under the provisions of section *twelve* of the Statistics Act, 1957 (Act No. 73 of 1957), approved the amendment of the regulations in regard to the collection of Statistics relating to the Motor Trade published under Government Notice No. R. 143 of the 31st January, 1964, by the substitution of the word "June" for the word "September" where it appears in paragraphs (11) and (12) of regulation 4.

## BURO VIR STATISTIEK.

No. R. 1554.] [9 Oktober 1964.

REGULASIES.

VERSAMELING VAN STATISTIEKE BETREFFENDE DIE MOTORHANDEL.

Die Staatspresident het kragtens die bepalings van artikel *twaalf* van die Wet op Statistieke, 1957 (Wet No. 73 van 1957), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die regulasies wat in verband met die versameling van statistieke betreffende die Motorhandel by Goewermentskennisgewing No. R. 143 van 31 Januarie 1964 afgekondig is, deur in paragrawe (11) en (12) van regulasie 4 die woord „September" waar dit voorkom, deur die woord „Junie" te vervang.

## DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 1551.] [9 October 1964.

PUBLICATION OF PARTICULARS IN TERMS OF SECTION *TEN TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950), AS AMENDED.

The Minister of Justice has, by virtue of the powers vested in him by section *ten ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, approved the publication in the *Government Gazette* of the undermentioned particulars of notices issued in terms of sub-section (1) of section *nine* of the said Act whereby the undermentioned persons were prohibited from attending gatherings:—

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 1551.] [9 Oktober 1964.

AFKONDIGING VAN BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL *TIEN TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Justisie het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *tien ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die afkondiging in die *Staatskoerant* van onderstaande besonderhede van kennisgewings wat ingevolge subartikel (1) van artikel *nege* van genoemde Wet uitgereik is en waarby ondergenoemde persone verbied is om byeenkomste by te woon:—

| Name. *Naam.* | Address mentioned in notice. *Adres in kennisgewing vermeld.* | Date on which notice was delivered. *Datum waarop kennisgewing oorhandig is.* | Date on which notice expires. *Datum waarop kennisgewing verstryk.* |
|---|---|---|---|
| Abrahams, Elizabeth | 44 Hermitage Street/*-straat*, Paarl | 28/8/64 | 31/8/69 |
| Jacobs, Cyril Wallace | Wistoria, Delhi Road/*-weg*, Lansdowne, Wynberg | 8/9/64 | 31/8/69 |
| Lucas, Jusuf alias Joseph | 96 Constitution Street/*-straat*, Cape Town/*Kaapstad* | 9/9/64 | 31/8/69 |
| Moeng, Sedume Patrick | 3783B, Zone/*Gebied* 3, Diepkloof, Johannesburg | 27/8/64 | 31/8/69 |
| Ndzanga, Rita | 16 Senaoane, Johannesburg | 26/8/64 | 31/8/69 |
| Ntuli, Linah | 43 Churchill Road/*-weg*, Durban | 9/9/64 | 30/9/69 |

No. R. 1552.] [9 October 1964.

Notice is hereby given in terms of sub-section (4) of section *eight* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), that the name contained in the Schedule hereto has been removed from the list published in Government Notice No. R. 1907 of the 16th November, 1962.

SCHEDULE.

Boshoff, Helen.

No. R. 1552.] [9 Oktober 1964.

Hierby word ingevolge subartikel (4) van artikel *agt* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), kennis gegee dat die naam vervat in die Bylae hiervan geskrap is van die lys wat by Goewermentskennisgewing No. R. 1907 van 16 November 1962, afgekondig is.

BYLAE.

Boshoff, Helen.

No. R. 1553.] [9 October 1964.

The following supplementary list of persons who have been office-bearers, officers, members or active supporters of the Communist Party of South Africa, compiled in terms of sub-section (10) of section *four* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), as amended, is published by direction of the Minister of Justice in terms of sub-section (4) of section *eight* of the said Act.

No. R. 1553.] [9 Oktober 1964.

Die volgende aanvullende lys van persone wat ampsdraers, beamptes, lede of aktiewe ondersteuners van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika was, opgestel ingevolge subartikel (10) van artikel *vier* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), soos gewysig, word kragtens subartikel (4) van artikel *agt* van genoemde Wet in opdrag van die Minister van Justisie afgekondig.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



| A. Name and Aliases. Naam en aliasse. | B. Place of Birth. Geboorteplek. | C. Occupation at Time of Listing. Beroep ten tyde van lysting. | D. Present Known Occupation. Huidige bekende beroep. | E. Address at Time of Listing. Adres ten tyde van lysting. | F. Present Known Address. Huidige bekende adres. |
|---|---|---|---|---|---|
| Fehler, Florence (neé Arenstein) | South Africa / *Suid-Afrika* | Music teacher/*Musiekonderwyseres* | Music teacher/*Musiekonderwyseres* | 65 Sunbury Court/*-hof*, Claim Street/*-straat*, Hillbrow, Johannesburg | 5 Baines Road/*-weg*, Durban. |

## DEPARTMENT OF POLICE.

No. R. 1543.] [9 October 1964.

### AMENDMENT TO THE REGULATIONS FOR THE RESERVE POLICE FORCE.

The State President has been pleased, under the powers vested in him by section *thirty-three* of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958), to approve the following amendment to the Regulations for the Reserve Police Force promulgated under Government Notice No. R. 1016 of the 29th June, 1962:—

*Regulation* 5—

(*a*) Renumber the existing sub-regulations (2) and (3) to read "(3)" and "(4)", respectively.

(*b*) Insert the following new sub-regulation (2):—

"(2) Notwithstanding the provisions of paragraph (*b*) of sub-regulation (1), the Commissioner may, in his discretion and in exceptional circumstances, waive the requirements mentioned therein."

## DEPARTEMENT VAN POLISIE.

No. R. 1543.] [9 Oktober 1964.

### WYSIGING VAN DIE REGULASIES VIR DIE RESERWEPOLISIEMAG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie-en-dertig* van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958), sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysiging van die Regulasies vir die Reserwepolisiemag, wat afgekondig is by Goewermentskennisgewing No. R. 1016 van 29 Junie 1962:—

*Regulasie* 5—

(*a*) Hernommer die bestaande subregulasies (2) en (3) onderskeidelik „(3)" en „(4)".

(*b*) Voeg die volgende nuwe subregulasie (2) by:—

„(2) Ondanks die bepalings van paragraaf (*b*) van subregulasie (1), kan die Kommissaris na sy goedvinde en in buitengewone omstandighede afsien van die vereistes daarin gemeld."

## CONTENTS.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| | **Department of Customs and Excise.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R.1550. | Customs Act, 1955: Amendment of the First Schedule (No. 1/223) ... ... ... ... | 1 |
| | **Bureau of Statistics.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R.1554. | Collection of Statistics Relating to the Motor Trade ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| | **Department of Justice.** | |
| | GOVERNMENT NOTICES. | |
| R.1551. | Persons Prohibited from Attending Gatherings ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| R.1552. | Suppression of Communism Act, 1950: Names Removed from List ... ... ... | 2 |
| R.1553. | Persons Prohibited from Attending Gatherings ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| | **Department of Police.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R.1543. | Amendment to the Regulations for the Reserve Police Force ... ... ... ... ... | 3 |


## INHOUD.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| | **Departement van Doeane en Aksyns.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING | |
| R.1550. | Doeanewet, 1955: Wysiging van die Eerste Bylae (No. 1/223) ... ... ... ... ... ... | 1 |
| | **Buro vir Statistiek.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R.1554. | Versameling van Statistieke Betreffende die Motorhandel ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| | **Departement van Justisie.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWINGS. | |
| R.1551. | Persone Verbied om Byeenkomste by te Woon ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| R.1552. | Wet op Onderdrukking van Kommunisme, 1950: Name van Lys Geskrap ... ... | 2 |
| R.1553. | Persone Verbied om Byeenkomste by te Woon ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 |
| | **Departement van Polisie.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R.1543. | Wysiging van die Regulasies vir die Reserwepolisiemag ... ... ... ... ... ... | 3 |



# *Die Afrikaanse Woordeboek*

## VOLUMES I, II, III and IV

**Copies of the First, Second, Third and Fourth Volumes of "Die Afrikaanse Woordeboek" containing the letters A, B, C; D, E, F; G, H and I respectively, are obtainable from the Government Printer at the following prices:—**

| | Linen Bound. | Leather Bound. |
|---|---|---|
| Volume I..... | R5.50 | R7.50 |
| Volume II..... | R7.00 | R11.50 |
| Volume III..... | R6.00 | R10.00 |
| Volume IV..... | R8.50 | R13.50 |

## DELE I, II, III en IV

**Deel een, twee, drie en vier van die Afrikaanse Woordeboek bevattende die letters A, B, C; D, E, F; G, H en I respektiewelik, is van die Staatsdrukker teen die volgende pryse verkrygbaar:—**

| | Gewone Linneband. | Leerband. |
|---|---|---|
| Deel I..... | R5.50 | R7.50 |
| Deel II..... | R7.00 | R11.50 |
| Deel III..... | R6.00 | R10.00 |
| Deel IV..... | R8.50 | R13.50 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Use the . . .*

# Post Office Savings Bank

which provides

state security; strict secrecy and unrivalled facilities for deposits and withdrawals

**Deposits in ordinary accounts earn interest at 2½% per annum**

**Amounts invested in Savings Bank Certificates earn 4% per annum**

**R20,000 may be invested in Savings Bank Certificates**

**OPEN AN ACCOUNT TODAY!**

*Maak gebruik van die...*

# Posspaarbank!

Die veiligheid van u geld word deur die Staat gewaarborg en u is verseker van streng geheimhouding en ongeëwenaarde diens in verband met inlaes en opvragings

**Die rente op inlaes in gewone rekenings is 2½% per jaar**

**Op bedrae wat in Spaarbanksertifikate belê word, is die rente 4% per jaar**

**R20,000 kan in Spaarbanksertifikate belê word**

**OPEN VANDAG 'N REKENING!**

The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.

1—918